SUID-AFRIKAANSE RADIOLIGA

SARLNUUS SONDAG 23 FEBRUARIE 2003

U luister na amateurradiostasie ZS6SRL van die Suid-Afrikaanse Radioliga, die nasionale vereniging vir amateurradio in Suid-Afrika, met 'n nuusbulletin wat elke Sondag om 08:15 Sentraal Afrika Tyd (SAT) in Afrikaans en om 08:30 SAT in Engels uitgesaai word.

Hierdie bulletin is ook op die webwerf van die SARL by www.sarl.org.za en op pakketbulletinborde beskikbaar.

In die nuus vandag:

SATELLIETE BIED OPLOSSINGS VIR AFRIKA

INTEGNET 2003 KRY VOLLE DEKKING OP OOSKAAPNETWERK

KOMPETISIES

WAT U OP DIE SARL-WEBWERF KAN DOEN

VERSKEIE GEBEURTENISSE IN DIE NABYE TOEKOMS

Bly ingeskakel vir meer besonderhede hieroor en ander nuusitems.

Besoek ook die SARL-webblad of skakel die SARL-kantoor wat vanaf 09:00 tot 13:00 op weeksdae oop is by telefoon 011 675-2393 vir inligting oor hoe om by die SARL aan te sluit, boekverkope en alle verwante amateurradio-aangeleenthede.

Die SARLnuusdiens nooi klubs en individue om nuus aangaande amateurradio aan news@sarl.org.za nie later nie as die Donderdag wat die bulletin voorafgaan, in te stuur. Indien moontlik stuur dit asb in Afrikaans sowel as Engels.

U luister na ZS6SRL.

Die nuus volg in besonderhede:

SATELLIETE BIED OPLOSSINGS VIR AFRIKA

Telkom het die huidige stand van die kuns satelliettegnologie gedemonstreer tydens die SATCOM 2003, 'n driedaagse satellietkommunikasiekonferensie wat voor verlede week in die Sandton konferensiesentrum gehou is.

Die konferensie het sprekers en gebruikers van satelliettegnologie byeengebring van so ver as die Verenigde State, die VK en Nigerië om nuwe ontwikkelings en geleenthede in hierdie opwindende sektor te ondersoek.

Aaanvraag vir breëbandtegnologieë is aan die toeneem soos inligting al meer belangrik word vir daaglikse take. Terwyl daar baie toegangsoplossings aangebied was wat aardgebonde infrastrukture optimiseer soos ISDN, Diginet en DSL, is daar steeds 'n gaping in die mark vir 'n deurlopende verbinding aan die internet met groot vermoë en betroubaarheid teen 'n bekostigbare prys en wat oral in die land beskikbaar is.

Telkom het onlangs 'n ooreenkoms met sy langtydvennoot Gilat Satellite Networks om 'n Skystar 360E satelliet en koppelstasie en Vsat terminale ten einde 'n wyeband satellietgebaseerde kommunikasienetwerk beskikbaar te stel. Dit sal die onlangs gelanseerde ADSL-diens aanvul deur hoëspoed internetdiens via satelliet te bied in areas wat nie deur ADSL bedien word nie.

Baie maatskappye het hul nuwe ontwikkelings vertoon. World Space, 'n radio per satelliet maatskappy het nuwe ontwikkelings in ontvangertegnologie met 'n klein buiteboord model vir persoonlike rekenaars vertoon. Dit kom met 'n klein vlakantenna en benodig slegs 'n mp3-speler, wat deesdae as standaard in meeste Microsoftpakkies ingesluit word. Die Iridiumsatellietmaatskappy het sy nuwe satellietfoon gedemonstreer, wat baie kleiner as vorige modelle is en kom volledig met karinstalleringtoebehore vir handvrywerking. Jy kan nou van enige plek na enige ander plek praat, selfs op die oseane, maar wel teen 'n koste van $1,50 per minuut.

In 'n soortgelyke ontwikkeling werk SA AMSAT aan die aanbieding van 'n satellietkonferensie gedurende April. SATCOM het aan die organiseerders die geleentheid gebied om borge te vind om te help met die finansiering van die eendag-gebeurtenis.

Indien enigiemand graag 'n lesing wil aanbied by AMSATCOM2003, verwittig ZS6AKV asb dmv e-pos aan hans@intekom.co.za.

INTEGNET 2003 KRY VOLLE DEKKING OP OOSKAAPNETWERK

INTEGNET 2003 wat vanaand 23 Februarie plaasvind, sal die Ooskaapgebied dek deur die streeksherhalernetwerk wat strek vanaf Mosselbaai tot Oos Londen en binnelands tot verby Cradock. Beavan Gwilt ZS2RL van die Port Elizabeth Amateurradiovereniging sal in beheer van die lokale net wees en geleenthede bied aan alle deelnemers om met die spreker te kan praat. In KZN sal die spraakaanbiedieng lewendig plaasvind op die 145,650 herhaler van die Durban Amateurradioklub sowel as die herhalers van die Highway Amateurradioklub op 145,600 en 145,625 wat die Noord- en Suidkus dek en die Highwaygebied wat Pietermaritzburg insluit. In Gauteng sal die program op 145,650 in Johannesburg en 145,750 in Pretoria gehoor word. In die Weskaap sal die program interaktief wees op 145,700 met Henry, ZS1AAZ, as die gasheer. Op HF sal 3718 kHz interaktief wees terwyl 'n herleiding deur Sentech op 3215 kHz gehoor kan word.

Die spreker tydens die program sal Walt du Bose, K5YFW, wees wat sal instaan vir Dr John Champa, K8OCL.. Walk is die visevoorsitter van die ARRL se Hoëspoed Digitale Netwerke en Multimedia Werkgroep. Die groep is deel van die ARRL Amateurradio Tegnologie Taakmag wat in die lewe geroep is om nuwe tegnologieë in kommunikasie en hul aanpasbaarheid en toepasbaarheid in die amateurradiodiens te evalueer.

K5YFW sal die werk van die groep bespreek en die lig laat val op die onlangs aangekondigde "Hinternet".

Indien daar nog klubs is wat hul herhalers aan die net gekoppel wil hê, stuur e-pos aan armi@sarl.co.za met besonderhede van die herhaler, kontakpersoon en die telefoonnommer wat aan die Telkom Telekonferensiebrug gekoppel moet word. Alle versoeke moet voor 12:00 vandag in wees.

KOMPETISIES

Die eerste SARL Kinderdag is iets van die verlede. Dit was verblydend om so baie jong mense op die lug te hoor wat met ander jong mense oor die lengte en breede van Suid-Afrika gesels. 'n Baie groot woord van dank aan al die radioamateurs wat hulle stasies beskikbaar gestel het vir hierdie geleentheid.

Die eerste been van die SARL HF Velddag is oor die naweek van 08 en 09 Februarie gehou. Daar was volgens berigte baie aktiwiteit op die lug met goeie DX-toestande op Saterdagaand. Dit wil voorkom dat nie baie van die RSGB se 1,8 MHz kompetisie gehoor is nie. Deelnemers word herinner dat die enigste adres vir logstate en opsommings die volgende is: Die Kompetisiekomitee, Posbus 1721, Stubensvallei, 1735 of per epos aan contest@sarl.org.za

Die volgende SARL-Kompetisie op die kalender is die eerste been van die SARL BHF/UHF wedstryd wat op 15 en 16 Maart op die lug sal wees, 'n maand van nou af.

Die indruk bestaan dat deelnmers geneig is om net van FM op die 145 MHz en hoër bande gebruik te maak. Hoe lyk dit, kom ons maak hierdie keer ook van ESB op hierdie bande gebruik? (Red).

WAT U OP DIE SARL-WEBWERF KAN DOEN

- Besoek ons lewendige interaktiewe ruilwinkel, jy kan of jou volgende stel koop of ontslae raak van die skroot wat in stapels in jou moterhuis lê;
- Neem deel aan die SARL se aalyn meningspeiling. Vertel ons wat vir jou as lid belangrik is;

Maak gebruik van ons aanlyn roepseinboek. Hier kan lede 'n roepsein opsoek of al die roepseine van die amateurpopulasie in jou dorp of stad opsoek. Jy kan selfs jou eie op datum kopie van die SARL-Roepseinboek, volledig, of vir jou gebied druk;

Opdateer jou kontakbesonderhede deur ons gebruikersvriendelike opdateringsfasiliteit. Of hernu u lidmaatskap aanlyn!

- Soek vorige bulletins in die nuusargief op of lees raads- of AJV-notules van vorige vergaderings. Jy kan ook by die nnusposlys inteken sodat bulletins outomaties aan jou versend kan word;
- Al hierdie items en nog veel meer, van lisensiëring tot die RAE tot steuringsaangeleenthede, dit is alles daar.

Besoek die SARL se webwerf by www.sarl.org.za.

SPESIALE GELEENTHEIDSTASIE TYDENS KRIEKET WêRELDBEKER-TOERNOOI

Onthou om 'n poging aan te wend om kontak te maak met ZS03CWC, die spesiale geleentheidstasie wat tot 23 Maart op alle bande deur die Oakdaleklub bedryf word.

ZS-stasies kan QSL's stuur aan ZS03CWC, Posbus 2132, BELLVILLE, 7535, en DX-stasies kan dit stuur aan ZS1AU by QRZ.COM. Sluit asb 'n gefrankeerde koevert met u eie adres in vir 'n spesiale QSL-kaart wat na die 23ste Maart beskikbaar sal wees.

DIE MEI-RAE

Die sluitingsdatum vir inskrywings is 11 April.

Die eksamendatum is Saterdag 17 Mei en die tyd is vanaf 09:00 tot 12:00.

Inskrywingsvorms is beskikbaar op die SARL-webwerf of kan vanaf die Nasionale Amateurradiosentrum bestel word deur vir Debbie te skakel by 011-675 2393.

Die inskrywingsfooi beloop R250-00. Hierdie bedrag sluit die eerste jaar se lisensiefooi asook die OKOSA-sertifikaat in.

SAATI VERGADERING

Die volgende vergadering van SAATI sal op Maandag 24 February 2003 by die perseel van die Pretia Amateurradioklub op die suidkampus van die Universiteit van Pretoria plaasvind. Dit sal 'n praktiese demonstrasie van die "Press 'n' Peel" metode wees om 'n gedrukte stroombaan te maak. Dit sal 'n klankkaart na radiokoppeling wees. Bou-onderdele sal ook beskikbaar wees. RSVP aan Louis Kruger ZR6ABC se e-posadres llk@mweb.co.za om jou plek te bespeerk.

VLOOIMARK BY DIE WESRANDKLUB

Die Wesrand Amateurradioklub hou 'n vlooimark by hulle klubhuis in Krotonstraat,Weltevredenpark,op Saterdag 1 Maart. Die aanvangstyd is 12:00. Almal is welkom!!!

'N ONTBYTRIT VIR RADIOAMATEURS OP MOTERFIETSE

'n Moterfietsontbytrit is gereël vir Sondag 2 Maart vir alle geïnteresseerde moterfietsryers wat ook radioamateurs is. Deelnemers ontmoet by die NARS om 07:30 en vertrek om 08:00 vir ontbyt by die Hartbeespoortdam. Belangstellendes moet asb vir Ray Webber by e-posadres zs6rsw@global.co.za of tel 082 491-8758 kontak.

MEGA-VLOOIMARK IN PRETORIA

Al die amateurradioklubs in Pretoria hou 'n gesamentlike vlooimark op Saterdag 8 Maart 2003. Die vlooimark sal soos gewoonlik op die Suid-Kampus van die Universiteit van Pretoria, op die hoek van Universiteit- en Lynwoodweg, gehou word en die aanvangstyd is 09:00.

Almal, klubs en persone wat nie aan klubs behoort nie, is welkom. Kom besoek gerus die Mega-vlooimark in Pretoria. Skakel Almero ZR6RY by (H)(012) 567 3722 of op 082 908 3359, indien u 'n tafel wil bespreek of meer besonderhede benodig.

VERANDERINGS IN FREKWENSIE EN TYD VAN ARMI-UITSENDINGS

Vanaf 30 Maart sal die uitsending van Amateur Radio Mirror International om 10:00 SAT op 17815 kHz geskied. Vanaf 31 Maart sal die heruitsending op Maandagaande om 21:00, di een uur later as tans, plaasvind maar die frekwensie sal onveranderd 3215 kHz bly.

Hierdie bulletin is saamgestel deur George, ZS6NE, en gelees deur …… vanuit …… as 'n diens aan radioamateurs, kortgolfluisteraars en elektronikaentoesiaste.

Die SARL nooi u ook om Sondae om 10:00 na Amateur Radio Mirror International op 21560, 9750 en 7082 kHz en 2 m herhalers in die Oos Londen-, Durban-, Pretoria- en die Sandtongebiede te luister.

'n Heruitsending kan Maandagaande om 20:00 SAT op 3215 kHz gehoor word. ARMI word deur Telkom en Sentech geborg.

Die volgende net van die President van die SARL sal oor 'n week op Sondag 23 Februarie om 12;00 gehou word.

U het geluister na ZS6SRL, dankie dat u by ons aangesluit het. Baie dankie aan diegene wat items vir die bulletins verskaf en aan al die amateurs wat so gereëld die herleidings waarneem.

Hierdie Afrikaanse uitsending eindig nou en SARLNUUS wens u 'n aangename week toe.

Totsiens almal.

/EX